

Beantwoord al die vrae en handig elektronies op WebST in.

Bronne:

Dok 1: Assessment Guidelines

Dok 2: Nov 2006 Grade 10 paper

Dok 3: Taksonomie tabel

Dok 4: ASSA Aids model

Dok 5: Child mortality

Dok 6: Save the children

VRAAG 1

*Mmm ...ons het nie genoeg aandag aan “eksaminering” in die module gegee nie!
So kom ons gebruik hierdie as ’n leergeleentheid!*

Bestudeer vlugtig die beskrywing van die rol en aard van die assesserings-taksonomie (Dok 1, bl. 8, 13-14, 23-25).

Klassifiseer dan die vrae in die November 2006 Graad 10-vraestel (Dok 2) volgens die taksonomie denkvlakke – gebruik die gegewe Word tabel (Dok 3). Bespreek dan kortliks die balans van die vraestel in terme van die kognitiewe denkvlakke van die taksonomie.

[60]

VRAAG 2

Beantwoord nou self vrae 5.1 en 7.1 van die Graad 10-vraestel (Dok 2). Gebruik Excel om die grafieke te trek – handig die Excel werkboek in; moenie die Excel grafieke in jou Word dokument kopieer nie.

[25]

VRAAG 3

Kriteria vir die relevansie van probleme vir leerders sluit in dat die data lewenswerklik (outentiek) moet wees, die wiskundige werkswyses eg moet wees en dat dit waardes moet ontwikkel, byvoorbeeld om leerders by belangrike sosiale kwessies betrokke te kry.

Hoe voldoen vraag 7 van die Graad 10-vraestel hieraan? Vluglees dokumente 4-6 en beantwoord dan hierdie vrae:

- (a) Waar kry die vraestel die data in die tabel vir kindersterftes vir 2007 tot 2010? Kan jy jou data in vraag 2 ekstrapoleer om die gegewe data te ontwikkel? Verduidelik waarom jou model die gegewe data pas of nie pas nie ... (15)
- (b) Verduidelik kortliks hoe die dokumente (bv. Dok 4: bl. viii, 22-23) die begrip “infant mortality rate” anders definieer as die vraestel, en hoe die data verskil. (10)
- (c) Dok 6, bl. 11 beweer dat daar ’n sterk verband is tussen die babasterfte- en moedersterfte-koers. Onderzoek die korrelasie tussen die twee veranderlikes. Een punt (Indië) lyk soos ’n uitlêer. Bepaal ook die korrelasie as hierdie punt weggelaat word. Bespreek: *behoort* Indië uit die ontleding weggelaat te word? (30)
- (d) Ontwerp ’n kort aktiwiteit wat leerders sterk onder die indruk sal bring van die enorme sosiale probleem van kindersterftes. (40)

[95]

Answer all the questions and submit it electronically on WebST.

Resources:

Doc 1: Assessment Guidelines

Doc 4: ASSA Aids model

Doc 2: Nov 2006 Grade 10 paper

Doc 5: Child mortality

Doc 3: Taxonomy table

Doc 6: Save the children

QUESTION 1

*Mmm ... we did not adequately address "examinations" in our module!
So let's use this as a learning opportunity!*

Briefly study the description of the role and nature of the assessment taxonomy (Doc 1, pp. 8, 13-14, 23-25).

Then classify the questions in the November 2006 Grade 10 paper (Doc 2) according to the taxonomy levels – use the given Word table (Doc 3).

Then briefly discuss the balance of the paper in terms of the cognitive demands of the taxonomy levels.

[60]

QUESTION 2

Now answer questions 5.1 and 7.1 of the Grade 10 paper (Doc 2) yourself. Use Excel to draw the graphs – submit the Excel workbook; do not copy and paste the Excel graphs into your Word document.

[25]

QUESTION 3

Criteria for the relevance of problems for learners include that the data should be realistic (authentic), that the mathematical processes should be genuine, and that it develops values, e.g. to get learners involved in important social issues.

Does question 7 of the Grade 10 paper satisfy these criteria? Scan documents 4-6 and then answer these questions:

- (a) Where does the paper get the data in the table for infant deaths for 2007 to 2010? Can you extrapolate your data in question 2 to generate the given data? Explain why your model fits or does not fit the given data ... (15)
- (b) Briefly explain how the documents (e.g. Doc 4: pp. viii, 22-23) define the concept "infant mortality rate" different than the paper, and how the data differ. (10)
- (c) Doc 6, p. 11 argues that there is a strong relationship between the newborn and maternal death rates. Investigate the correlation between the two variables. One point (India) looks like an outlier. Also find the correlation if this point is omitted. Discuss: *should* India be omitted from the analysis? (30)
- (d) Design a short activity that will impress on learners the gravity of the social problem of child deaths. (40)

[95]